ASIE V R BLANKES
KULTUUR BEVORDERING
ESTORFF
BIBLIOTEEK
REFERENCE LIBRARY
ADMINISTRATION FOR WHITES
CULTURAL PROMOTION SUB-DIVISION


# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Wednesday 1 November 1989 — WINDHOEK — Woensdag 1 November 1989 — No. 5846


CONTENTS:


Page

**AG. PROCLAMATION**

No. AG. 59 Election (Constituent Assembly) Amendment Proclamation, 1989 ..... 1


INHOUD:


Bladsy

**AG. PROKLAMASIE**

No. AG. 59 Verkiesingswysigingsproklamasie (Grondwetgewende Vergadering), 1989 1


---

# PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 1 November 1989)*

No. AG. 59 1989

AMENDMENT OF ELECTION (CONSTITUENT ASSEMBLY) PROCLAMATION, 1989 (PROCLAMATION AG. 49 OF 1989)

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

L.A. PIENAAR
Administrator-General

Windhoek, 1 November 1989

# PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 1 November 1989)*

No. AG. 59 1989

WYSIGING VAN VERKIESINGSPROKLAMASIE (GRONDWETGEWENDE VERGADERING), 1989 (PROKLAMASIE AG. 49 VAN 1989)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

L.A. PIENAAR
Administrateur-generaal

Windhoek, 1 November 1989

## SCHEDULE

*Amendment of section 21 of Proclamation AG. 49 of 1989*

**1.** Section 21 of the Election (Constituent Assembly) Proclamation, 1989 (hereinafter referred to as the Proclamation), is hereby amended –

(a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following paragraph:

"(b) subject to the provisions of section 24(1)(a)*bis,* has produced to the presiding officer or a polling officer in proof of his identity, his identity document or, if he is unable to so produce any identity document, any other voter who is registered and who has identified himself by producing his identity document to the presiding officer or to a polling officer designated by the presiding officer for that purpose, and makes before the presiding officer or such polling officer an affidavit in a form prescribed by the chief electoral officer in which proof of the identity of the first-mentioned voter is furnished."; and

(b) by the substitution in the Afrikaans text of paragraph (c) of subsection (4) for the expression "stemopnemer" of the expression "stemagent".

*Amendment of section 24 of Proclamation AG. 49 of 1989*

**2.** Section 24 of the Proclamation is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph (a) of the following paragraph:

"(a)*bis* any voter is unable to produce any identity document or an affidavit in proof of his identity;".

## BYLAE

*Wysiging van artikel 21 van Proklamasie AG. 49 van 1989*

**1.** Artikel 21 van die Verkiesingsproklamasie (Grondwetgewende Vergadering), 1989 (hieronder die Proklamasie genoem), word hierby gewysig –

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) behoudens die bepalings van artikel 24(1)(a)*bis,* sy identiteitsdokument as bewys van sy identiteit aan die voorsittende beampte of 'n stemopnemer voorlê of, indien hy nie in staat is om 'n identiteitsdokument aldus voor te lê nie, 'n ander kieser wat geregistreer is en wat homself deur sy identiteitsdokument voor te lê aan die voorsittende beampte of aan 'n stemopnemer vir dié doel deur die voorsittende beampte aangewys, geïdentifiseer het, voor die voorsittende beampte of so 'n stemopnemer 'n beëdigde verklaring in 'n vorm voorgeskryf deur die hoofverkiesingsbeampte aflê waarin bewys van identiteit van eersgenoemde kieser gelewer word."; en

(b) deur in paragraaf (c) van subartikel (4) die uitdrukking "stemopnemer" deur die uitdrukking "stemagent" te vervang.

*Wysiging van artikel 24 van Proklamasie AG. 49 van 1989*

**2.** Artikel 24 van die Proklamasie word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf (a) die volgende paragraaf in te voeg:

"(a)*bis* 'n kieser nie in staat is om 'n identiteitsdokument of 'n beëdigde verklaring vir bewys van sy identiteit voor te lê nie;".

*Amendment of section 42 of Proclamation AG. 49 of 1989*

**3.** Section 42 of the Proclamation is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text of subsection (4) for the expression "die Administrateur-generaal" of the expression "'n bevoegde gesag".

*Short title*

**4.** This Proclamation shall be called the Election (Constituent Assembly) Amendment Proclamation, 1989.

*Wysiging van artikel 42 van Proklamasie AG. 49 van 1989*

**3.** Artikel 42 van die Proklamasie word hierby gewysig deur in subartikel (4) die uitdrukking "die Administrateur-generaal" deur die uitdrukking "'n bevoegde gesag" te vervang.

*Kort titel*

**4.** Hierdie Proklamasie heet die Verkiesingswysigingsproklamasie (Grondwetgewende Vergadering), 1989.

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika